Visioene

G. J. du Preez 072 1876 076

Visioene in die Skrifte.

Ek begin met die beeld in Nebukadnésar se droom:

Eerste is die kop = Babilon (Nebukadnésar) 605 vM tot 539 vM
Tweede is die bors met twee arms=Medië & Persië(Kores)539 vM tot 331 vM
Derdens is die middellyf = Griekeland (Alexander) 331 vM tot 168 vM
Vierdens is die twee bene = Romeine (Keisers) 168 vM tot 476 nM
Vyfdens is die twee voete met tien tone = Verskillende nasies (Verdeelde Europa)

En nou Daniël se droom:

Eerstens sien hy 'n Leeu met arend vlerke=Babilon en heers 605vM tot 539vM
Tweedens 'n Beer met drie ribbes in sy bek = Persië. Die ribbes is die verslane Libië, Babilon en Egipte. Persië heers vanaf 539 vM tot 331 vM
Derdens 'n vier koppige Luiperd met vier vlerke = Griekeland. Die vier koppe is Alexander se Vier generaals wat na sy dood heerskap oorgeneem het oor verskillende gebiede. Hulle heers vanaf 331 vM tot 168 vM
Vierdens 'n dier met yster tande en 10 horings =Romeinse ryk. Die tien horings is tien lande wat Europa verdeel het in tien koninkryke. Anglo Saxons (Brittanje); Franks (Frankryk); Alemanni (Duitsland); Lombards (Italië); Ostrogoths (Italië); Heruli (Italië); Burgundians (Switserland); Visigoths (Spanje); Suevi (Portugal); Vandals (Noord Afrika). Hulle heers vanaf 168 vM tot 476 nM
Vyfdens 'n horing wat tussen die 10 horings opkom. Drie horings moes plek maak vir hom =Pousdom (Heruli in 493 nM, Vandale in 534 nM, en Oos Gote in 538 nM). Die Rooms-Katolieke neem daardie drie lande in as hul eie en maak almal in die drie lande dood (Huidige Italië). Hulle heers vanaf 538 nM tot vandag.

Die gesig van Daniël:

Eerstens sien hy 'n skaapram met twee horings = Medo Persië
Tweedens 'n bokram met 'n aansienlike horing = Griekeland (Alexander)
Derdens die horing van die bokram breek af, en 4 kom in sy plek = Alexander sterf en vier van sy generaals kom in sy plek in heerskappye (Cassander neem Mecedonie en Griekeland in die Weste; Lysimachus neem Trachië met 'n gedeelte van Asië in die Noorde; Ptolemeus neem Egipte, Libië, Arabië, Palestina, en Coel-Sirië in die Suide; Seleueus neem Babilon en Assirië in die Ooste).
Vierdens dat die bok by die vier horings nog 'n horinkie ontvang en die word baie groot = Romeinse pousdom. Hy groei eers horisontaal, toe vertikaal. Eerstens regeer hulle uit die gevalle lande as godsdienstiges horisontaal, toe vertikaal uit Italië as aardse heersers (polities).

Openbaring aan Johannes, 7 Seëls:

Wit perd = Suiwere boodskap (Apostels)
Rooi perd = Wegneem van vrede (Vervolging)
Swart perd = Geestelike duister (Populariteit)
Vaal perd = Dood (Afval/ Donker)
Martelare = Getuienis en Bevestig (Hervorming)
Tekens in die hemel en aarde = (Herlewing en Sending)
Stilte in die Hemel = Era van die plae

Openbaring aan Johannes, 7 Gemeentes:

Efese'n tydperk tussen 30 nM tot 37 nM = Era van die Apostels
Smirna'n tydperk tussen 37 nM tot 313 nM = Era van die Vervolging
Pergamum'n tydperk tussen 313 nM tot 538 nM = Era van die Populariteit
Tiatita'n tydperk tussen 538nM tot 1534nM=Era van die Afval/Donker eeue
Sardis'n tydperk tussen 1534 nM tot 1740 nM = Era van die Hervorming
Filadelfia'n tydperk tussen 1740 tot 1847 nM=Era v/d Herlewing en Sending
Laodisea 'n tydperk na 1847 = Era van die plae

(Dan.8:14.) 2300 aande en oggende (dae) = 2300 jaar. 2300 – 490 = 1810
(7 x 7 = 49)+(62 x 7 = 434)+(1 x 7 = 7) = 490 jaar.



Dan.9:27 = En YAH sal 7000 jaar lank met baie (vanaf Adam, Set, Sem, ens) 'n sterk verbond sluit, 'wat Ha satan nie kan breek' en gedurende 3500 jaar wat die helfte van 7000 jaar is, sal Hy terugtree en wegdoen met offers tot Hom (die koning tydperk begin en die volk dien en offer nou aan die koning) en op vleuel van gruwels (Nimrod, Semiramis en Tammus. Sonaanbidding en allerhande gode) sal Ha satan soos 'n brullende leeu verslind en verwoes en wel tot aan die einde van 7000 jaar; en wat vas besluit is, sal oor die wat verly, verbaster en veragtelik is, die ewige dood gestort word.

Kom ons kyk hoe al die gesigte mooi inpas en hoe naby ons aan die einde is. Die dier wat was en nie is nie, alhoewel hy is = Pousdom regeer van (476)538 – 1798 (Open.11:2,3 Pousdom vertrap 1260j YAH se volk). Hulle ontvang ‘n dodelike wond toe Martin Luther die Skrifte in Duits oor vertaal in 1517, maar kom eers tot stilstand toe Gen. Berthier van Napoleon se leer (Franse) die Pous in gevange geneem het op 10 Feb 1798 (Die Evolusie lering kry sy ontstaan in 1795). Die Franse verklaar die Skrifte tot niet in 1798, maar herstel die Skrifte weer na 3 jaar se chaos wat ontstaan het sonder die Skrifte. Pousdom herstel in 1929 na die eerste wêreld oorlog(1914–1918) met Mussolini, en die dier wat uit die land kom om die dier te help wat die wond ontvang het. Die dier uit die land kom met horings soos ‘n lam, maar wat praat soos ‘n draak is Amerika. Amerika se onafhanklikheid is net na die Pous se gevangenskap. Amerika (die dier uit die land) het met die tweede wêreld oorlog in 1939 – 1945 vir die Jode die belofte land van dié Nasaréners gegee (1948 / Open.13). Amerika, wat ‘n Protestantse land was, wat ook hulle wette daarop gebaseer het, het ten volle omgeswaai na die (Joods) pouslike sieninge. Daarom die wêreld heerskappy van Amerika wat ‘n nuwe wêreld is.

Die vrou wat sit op skarlakenrooi dier met 7 koppe en 10 horings weet ons nou dat dit Roomse heerskappy is wat sal heers tot op dié Gesalfde/ Nasaréner. Wat besef moet word is dat alles, soos bo uit gewys, reeds gebeur het, behalwe die “plae”. Sewe plae moet nog kom en die mensdom kom skud op aarde. Wanneer is die vraag; Party sê dit is alreeds aan die gebeure, met Vigs, Aardbewings en tsunamis. Dink terug aan die 10 plae in Egipte. Die Egiptenare kon niks doen of weerstand bied teen die plae van YAH nie. Daar was geen genesing of wegkomkans gewees nie. So sal die laaste plae ook wees. Dit gaan nie net een land tref nie, maar die hele wêreld. Elke keer wanneer ‘n plaag val, sal die aarde die geweldige slag voel. Na die plae wat op hand lê sal YAH kom met Sy boodskappers en skeiding kom maak in Sy uitverkore volk (*Die wat aan Hom behoort en die wat aan Ha satan behoort*). Die engele gaan kyk na die wat die merk ontvang het op sy voorhoof en op sy regterhand. Kyk na die wat gekoop en verkoop het toe dit nie meer moontlik was nie (Open.13:16,17).

Volk van YAH julle soek en ondersoek altyd eers die duisternis, waarom begin julle nie eers by YAH nie. Ha satan is logies altyd die teenoorgestelde.

Kies eers die Wet van YAH in jou verstand (voorhoof merk) en doen die Wet, (Regterhand) want dit is hoe jy YAH lief moet hê. Begin by Hom wat saak maak en weet die teenoorgestelde is duisternis. Die Shabbat behoort aan YAH, {12 uur die 6 de dag tot 12 uur die 7 de dag}want dit is die seël in die Tien Gebooie (*Sondag is die dag van die Son = Ha satan se dag*). So baie gelowe en eiesinnige mense steek maklik hul hande op in die lig en tas behoorlik net in die donkerte rond.

Daar is 38 000 + verskillende gode aanbidders op aarde; 38 000 + verskillende maniere om ‘n god te soek, maar daar is net een manier om YAHUAH te vind en dit is weereens die teenoorgestelde. Skrikwekkend kom al 38 000 + gelowe van Ha satan uit die Skrif wat in elke huis lê. 2000 Geregistreerde besigheidjies (Kerke) in Suid Afrika en 20+ verskillende sienings onder die Nasaréners. Daar is 55 verskillende Engelse Skrifte; wat ‘n verwarrende Skrif daar stel. Almal glo hulle is reg en die ander gaan hel toe. Luister wat in die Skrif staan: *Eseg. 20:5 ... So spreek ~~die Here HERE~~ YAHUAH: Die dag toe Ek ~~Israel~~ Yashar’EL uitverkies het, het Ek My hand opgehef vir die geslag van die huis van Jakob en My aan hulle bekend gemaak....; ja, ...: Ek is ~~die HERE~~ YAHUAH julle ~~God~~ Skeppe.*

Baie vrae is al beantwoord, maar wat van die koop en verkoop. Ons weet nou wat is die merk van YAHUAH en die merk van die dier, maar ons koop en verkoop nog steeds. Baie sê dit is omdat ons nie maklik transaksies meer kan doen of om iets te vervaardig. Indien ons dit doen wil die regering insae hê van jou doen en late vir belasting doeleindes ens. Die Skrif sê tog duidelik dat ons gaan weet dat ons nie produkte gaan kan koop en verkoop nie. Baie sê dit is die strepieskode, maar wat het dit nou met my geestelike lewe uit te waai. As YAH ons verbied om iets te doen of te eet, gaan dit oor ‘n saak tussen Hom en ons wat nie benadeel moet word nie. Sekere kosse mag jy eet en sekeres nie. Sekere goed mag jy doen en sekeres nie. Dit weet die volk van ouds af. Met die ontvangs van die Verbond was hulle reeds bekend daaraan. Uit die Skrifte is ons telkemale gewaarsku oor die Oosterse produkte en hulle gelowe Jes.2:6; Eseg.8:16 ens.

Nou die antwoord is die “ Halaal ” stempel” of moet ek sê tempel.
Wat sien jy op die stempel? ‘n Son, maan en ster (Deut.4:19; 2 Kon.23:5). Saam met die stempel kom “SANHA”, “MJC”, “NIHT” of “ICSA” op en hulle is die verspreiders van die embleem (Halaal registrasie vorm 3:a en M.J.C ens).
Halaal is ‘n Sharia wet wat ‘n aanbeveling van die Islam geloof is. Volgens die wet wat in die Koran staan moet alle slagdiere kyk na Ka'aba en geslag word in die naam van Allah,die god van Islam met die woorde“Bismillah, Allah akbar”(*In Mecca is die swart blok/klip waarin die heimlike in versteek is*)
Groot firmas word gedwing en afgepers om aan hulle geld te gee vir die stamp, soos Rainbow Chicken R 320 000.00 pj en Unilever R 65 000.00 pj vir die Durban uitleg {dit is nou in die jaar 2007}.
Hulle bekom sowat 580 biljoen pond pj. Hulle befonds baie van hulle godsdiens uitbreidings en onder andere al hulle werkloses in ander lande. Suid Afrika sit met 500 000 werklose Moslems wat befonds word.
Hala het ook sy betekenis, dat dit die plek is waar die Nasaréners weggevoer was in ballingskap(2 Kon.17:6; 18:11 en 1 Kron.5:26)

Nasaréners, nou weet julle wat die teken is wat jou in die laaste tye swaar gaan laat kry as jy dit nie koop nie. Soos gesê, die Shabbat en die Wet moet ook gedoen word, maar dit plaas jou nie in dieselfde posisie nie. (*Die Sewedaags Adventis hou ook die Shabbat en die Wet saam met alle kleure en geure, soos die Jode ook*).

Moet ook nie uit die oog verloor wie die Anti-Nasaréner is nie. Bo kan ons sien wie almal die aarde wou heers, maar dit is net aan elkeen vir ‘n tydperk gegun. Hulle was almal heersers wat alleen wou heers en nie in die plek van iets of iemand wou heers nie. Die Skrif sê tog duidelik in 1 Joh.2:18-22; 4:3; 2Joh.1:7. dat die Anti-Nasaréner reeds in hulle tyd bestaan het, bv. in die tyd van die Apostels is hulle reeds gewaarsku dat YAHUSHA se Naam verander sou word na J*sus, Meester na Here, Nasaréner na Christus en Skepper na God. So Anti wat “in die plek van of strydend” beteken sê duidelik dat die God, Here, J*sus en Christus die Anti-Nasaréner is. Jes.14:14 (*KJV. I will be like. AMP.I will make myself like the Most High).* Eseg.28. Wat sê dié Nasaréner in Joh. 5:43 ? “In Sy Naam”. Sy Naam was tog bekend as YAHUSHA, nie J*sus nie. Dit moes tog Hebreeus gewees het en nie Grieks nie!

Die verwarring is te danke aan die duiwel, waarvan hy Keiser Konstantyn en die Romeinse regering (Rooms-Katolieke \ Pousdom) gebruik het.

Kom en staan onder die vaandel van geregtigheid. Joh.12:15 Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, jou Koning kom. “HalleluYAH”

Ns.: Volk van YAHUAH ons is in die voorlaaste tyd-vlak, die tyd waar VADER se plae los gelaat gaan word. Die water, wind, vuur, droogte, aardbewings, peste en siektes, oorloë, gierigheid, afpersing, ens. Die wat kan sien glo hy is reeds onder die dekmantel van YHUH / YAHUAH. Hulle sal dié wees wat gaan deel wees in die eerste opstanding en nie sal kom in die oordeel met die tweede nie.

Kom weg onder die naam Israel/Israeliet en weet dat jy Yashar’EL is.

Weet dat jy ‘n Nasaréner is en nie ‘n Christin nie.

Dien die VADER en SY Seun YAHUAH / YAHUSHA

Weet dat VADER se Gees wel SY Seun is, ons Koning YAHUSHA

Bedink dit